# Ideologieë

H G v d WESTHUIZEN

**Definisie**

'n Ideologie is 'n mensgemaakte wydaanvaarde eksklusiewe totaliteitsbeskouing veral gerig op die menslike samelewing. Vermaat en andere noem dit kortweg: gesekulariseerde pseudo-religies (1:11, 367).

**Geskiedenis**

Vir 'n goeie oorsig kan Vermaat geraadpleeg word (1:11-18). Die Franse ab, Etienne Condillac, is die geestelike vader van die begrip; net voor die Franse Revolusie teen die einde van die 18de eeu. Die menslike rede sou die wêreld kon verbeter, was die hoofbeklemtoning. Vanweë Concillac se leiding het 'n groep filosowe bekend as die ideoloë gekom. Antoine Destutt de Tracy was hulle woordvoerder en het die begrip ideologie as die wetenskap van die idees hanteer. Napoleon, en later Marx, het met die ideoloë gebots omdat hulle dan all.een maar kamergeleerdes was. Marx wil nie net filosofiese interpretasies hê nie, maar aksie (2).

**Saak**

Op voetspoor van Vermaat, sien Van Zyl in 'n ideologie soos weerskynsy filosofie, teorie, godsdiens (3:3). "Die bekende Wêreldraad man, M W Thomas, beweer dat die mens nie net 'homo religiosus' is nie, maar ook 'homo ideologicus'. Thomas konstateer hiermee 'n noue verwantskap tussen religie en ideologie" (3:3). Die idea van ideologie kan naas idee ook eie (idee) beteken.

C B Yung, 'n bekende psigoloog, sê: Ideologieë is ons siekte – hulle is die langverwagte antichris (3:3).

J Verkuyl spreek ook soos Vermaat van ideologieë as pseudo-religies (4:7) en karakteriseer 'n ideologie soos volg:

1 Totalitêre neiging – om die totale samelewing te omvorm.
2 Vermenging – waarheid en leuen word ineengevleg.
3 Leiersinstrumente – om leiers self te handhaaf.
4 Haatlik – teen vyande van die ideologie.
5 Verketter – die teenstanders.

Ideologieë as militante uitvloeisel van die sekularisasieproses, wat

gevolg het op die Renaissance en Aufklärung (3:4), is 'n poging om weer 'n absolute vashouplek te kry. "Kraemer het jare gelede al die stelling geponeer dat die mens nie sonder absoluutheid kan lewe nie. As die Absolute waarmee die geloof te doen het, wegval, skep die mens vir homself ander en eie absolutes" (3:4).

As pseudo-religie is 'n ideologie "volgens sy diepste wese 'n soort heilsweg ... (wat) 'n heilstoekoms beloof, maar wat maar net 'n utopie is" (3:7). Net soos die genitiefsteologieë gaan die ideologieë terug na die pseudo- openbaring van die slang in die Paradys (5:75, 97). Die slang, vader van die leuen (Joh 8:44), kom met die klanke van Gods Woord en aktiveer die logika van die mens om in die plek van die teologika te tree. Die mens moet die boom wat op meriete goed en mooi is op meriete, objektief, as absolute beoordeel. Die eie logika (ideologie!) moet oortuig. Geregtigheid of wat reg is moet objektief, op meriete, self vasgestel word. Maar die kinders van Sion, benader alles anders as die kinders van Jawa (Sag 9:13). Alles, selfs die boom in die paradys wat as skepping van God mooi en goed is, moet benader word in die lig van Gods Woord en nie volgens ons eie oordeel nie. Alles moet in relasie tot God en nie absoluut gesien word nie. Die Sabbat, die tempelvoorwerpe, die volk Israel, die sakramentsbrood en – water, die kerk, ensovoorts is nie opsigself heilig nie, maar wanneer dit deur God so genoem word en gewil is. Die relasie waarin dinge staan is van beslissende betekenis. So het die een vrou aan Salomo gesê dat die seun in twee gesny kan word. Die ander een pleit vir nee (1 Kon 3:26). Sy staan in die verhouding van moeder en kind. Eersgenoemde staan objektief. 'n Mens se familie of vriende (vergelyk Dawid se houding teenoor Mefiboset, 2 Sam 4:4 en Jesus s'n teenoor Lasarus), volk of ras, neem vanweë jou relasie tot hulle 'n ander plek in as ander mense. Dis die verskil tussen 'n prinsipiële benadering waar die begin van die beginsel die Woord is, en 'n eksistensiële benadering waar op meriete, nie teologies nie maar ontologies, beoordeel word.

Die Woord waarsku ons dat die eindtyd 'n ontplooiing van hierdie mens-duiwelse kragte sal meebring (Matt 7:11-23; 24:24; 2 Tess 2:9-12; Openb 13:13). Sal dit nie die ideologiese raamwerke benut nie? "Vele moderne theologen zien in de synthese tussen godsdienst en ideologie iets van het komende Godsrijk. *Wij* kunnen niet anders dan er de realisering van een ánder rijk in herkennen – het rijk van de antichrist, die zich keert tegen en verheft boven al wat God of voorwerp van verering heet, maar die tegelijk plaats zal nemen in de tempel Gods om zich aan de mensen als God te vertonen (vgl 2 Tess 2:14)" (1:18).

Ideologieë is "niks anders as torings van Babel wat die mens oprig onder inspirasie van die owerhede, die magte, die geeste in die lug, waardeur die mens in staat gestel word om te vlug van die selfopen-

baring van die Woord. Dit gaan hier om valse, leuenopenbarings teenoor die enige openbaring in Christus. In ideologieë is die duisternis te vinde wat nog altyd probeer het om die Lig te oorwin, wat nog altyd probeer het om die Woord te ewenaar en self die lig te wees en wat daarom deur die mense nie as duisternis nie, maar as lig aangesien word ... Dit laat die duisternis soos lig lyk en dit laat die duiwels hom voordoen soos 'n engel van die lig" (3:7,8).

Die verskil tussen 'n ideologie en die ware geloof, is onoorbrugbaar.

"Een ideologie is een leer die fungeert als basis voor een uitleg van het politieke, sociale, economische en culturele handelen" (6:208). Omdat die kerk veral op hierdie genoemde terreine al meer wil dialoog voer met die ideologieë, lyk dit of "de oude antithese tussen christelijk geloof en ideologie aan het verdwijnen is" (6:135). Uit die Calvinistiese kruisteologie is dit egter duidelik dat die uitgangspunte van die christelike geloof en elke ideologie radikaal verskil: "Ten diepste gaat het ook hier zoals bij de wereldgodsdiensten om het grote dilemma. Komt de verlossing vanuit God in Christus, of komt zij op uit de mens, die zichzelf naar omhoog werkt. Hier is geen synthese mogelijk" (6:135). Elke ideologie is in sekere mate 'n sakrale sekularisering van die eskatologie.

Verskillende sake kan in die menslike samelewing hom as god pseudo-openbaar. Waar in 'n geldstelsel, byvoorbeeld die kapitalisme, geld 'n god word, vir sover is daardie stelsel dan 'n ideologie (6:208). Waar menslike vryheid jou god word vir sover word liberalisme 'n ideologie: "Ze komt ook uit de mens op, die autonoom wil zijn en zichzelf op de plaats van God stelt 6:135). Waar 'n ras as god gestel word, word rassisme 'n ideologie (6:209). Waar 'n nasie as god gestel word, word nasionalisme 'n ideologie. So is daar dus twee soorte nasionalisme: "Die eerste soort ... is gebaseer op die verafgoding van die nasie ... 'n Ander soort nasionalisme is die volgende: 'Basies is nasionalisme in Asië en Afrika ... die ontwaking van die volkere tot 'n bewuswording van hulle menswaardigheid'" (7:43).

Vermaat gee 'n oorsigtelike dog diepgaande en aktuele bespreking van die drie belangrikste ideologiese situasies in die twintigste eeu: Rusland na 1917, Duitsland na 1933 (tot 1945) en Sjina na 1949 (1:6). Ons wil hier nader ingaan op een spesifieke ideologie – die kommunisme.

**Kommunisme 8:50-58)**

Die reeds gemelde referate op die Volkskongres oor Kommunisme (7), gee 'n belangrike viviseksie van kommunisme. Oor die geskie-

denis, doel, metode ensovoorts van die kommunisme, kan elders ook nagelees word (9:7-11).

Die gevaar is groot dat ons dink die kommunisme kom as een herkenbare grootheid waarteen jy jou slagordes kan opstel. Intussen kom dit komponentgewys soos op 'n paaiementstelsel. Dit kom stuk-stuk en kleef voorlopig vas aan skynbare assimileerbare samelewingsverbande en omvorm dit tot frontorganisasies ter bevordering van die kommunisme.

Die kommunisme is 'n veelkoppige monster. Dit bevat bestandele wat onsigbaar vermeng raak met bekende lewensvorme. Subtiel en asof noodsaaklikerwys word samelewingstrukture verander totdat op 'n goeie dag 'n kop onderskeibaar word wat herlei kan word na die kommunistiese hart. Hierdie veelkoppige organisme is 'n omgewingsbesoedelaar soos min. Waar hy in die omgewing is, val sy rooi stof op alles. Soos bosse en geboue langs 'n treinspoor of langs 'n rooi stofpad ongemerk swart en rooi en vuil word, so besoedel die fyn stof van die kommunisme die ekonomie, die politiek, die filosofie, die letterkunde, die pers, die kuns, die kultuur, die godsdiens ... En op elkeen van hierdie blare van ons volksboom wat deur die kommunistiese stof bedek word, groei daar 'n kop uit.

Kommunisme is in sy optrede nie eenslagtig of tweeslagtig nie maar omslagtig. Paulus waarsku in 2 Korinte 11:14,15: "En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie". Ons moet nooit dink dat die een of ander saak byvoorbaat vryblywend van kommunistiese okkupasie sal wees nie. Of iets Christelik of nie-Christelik, godsdienstig of nie-godsdienstig is, religieus of ateïsties is – dit pas die kommunisme vir 'n begin.

Dit pas byvoorbeeld die kommunisme om soms voor te gee dat dit ateïsties is. Ons moet let op die ateïstiese dimensie van die kommunisme, waaruit 'n hele filosofie van die ontstaan van alle dinge, en veral die menslike samelewing, voortkom. Dit word genoem die dialektiese historiese materialisme. Maar ons moenie 'n fout maak en dink dit is die enigste dimensie van die kommunisme nie. Die diepste dimensie van die veelkoppige monster is sy sataniese anti-Christelike hart.

Daar is vandag byna 'n ontploffing van satanisme. Orals word gewag gemaak van duiwelskunste, duiwelsaanbidding, die okkultisme, astrologie, waarsêery, toordery, magie, spiritisme, ensovoorts. Agter dit alles, as 'n draakagtigheid en 'n veelkoppige monsteragtigheid, sit die Duiwel (Openb 12:9; 13:1 ensovoorts). Die oplewing van hierdie verskynsels juis in ons dae van wetenskap en ontwikkeling is tog op die oog af 'n anachronisme. Dit pas nie in ons tyd nie. En

tog kom dit met 'n vloedgeweld soos 'n uitwissende golf. Dit wil die gelowige afslaan van die rots waarop hy staan en hom verswelg.

Natuurlik kan die oplewing van al hierdie genoemde verskynsels in 'n sekere mate op 'n natuurlike wyse verklaar word. Die Latynse woord occultus beteken die nie-bewerkte, die onbeheerde of nie-kennis-beheerde. Kennis en wetenskap het die voorreg van al meer mense geword. Die mens het sy lewe al meer begin kontroleer of beheer. Omdat hierdie beheer dinge insluit wat voorheen geheime magte was, selfs as gode geag was, het die mens nou al meer sonder 'n sekuriteitsgevoel geword. Sy god is dood. Daar heers 'n geestelike armoede en leegheid. 'n Angs kom oor die mens omdat daar niemand meer groter en sterker as hy is om aan hom veiligheid en verwagting te bied nie. Nou gryp die mens terug na die oorblywende okkulte en blaas dit tot die uiterste op ter wille van 'n bietjie skuiling. Ons sal egter skrik om te weet op wie se grondgebied ons verkeer as ons skuil gaan agter enigiets wat nie die geopenbaarde Woord van God is nie. Tereg waarsku die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 10, ons; "Die duiwels en die bose geeste het so verdorwe geraak dat hulle vyande van God en van alle goeie dinge is. Met al hulle mag loer hulle soos moordenaars op die kerk en op elke lidmaat daarvan om alles te verderwe en te verwoes deur hulle bedrieërye ..." Selfs die bemoeiing met hierdie sake ter wille van 'n bietjie plesier of oppervlakkige interesse soos blote nuuskierigheid, suig joú in soos in 'n tregter. Daar is selfs eerlike ondersoekers van hierdie verskynsels wat byna van hulle kop af geraak het, soos hierdie magte oor hulle besit begin neem het. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 34 vr 94) wys ons nog steeds die gesonde weg aan: "Dat ek, so dierbaar as my saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof ... moet vermy en ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken."

Ons lees in die Bybel al van die "sinagoge" van Satan (Openb 2:9; 3:9). Satan het sy "kerk" en sy "godsdiens". Sedert om en by 300 n C is dit bekend dat heidene in Duitsland op 'n berg byeenkom in die nag 30 April op 1 Mei om die Satansfeesmaal te vier en Christus te vervloek (23:271). In lyn met hierdie gebeure is in die loop van tyd allerhande geheime organisasies gestig ter bevordering van die ryk van die duisternis. Een van hierdie figure is deur 'n weerligstraal getref en in sy bagasief is bewyse gevind dat op 1 Mei 1776 die Orde van die Illuminasie (verligting) gestig is deur Adam Weishaupt, as onderdeel van die geheime Münchense Vrymesselaarslosie van die Groot-Ooste. Hierdie beweging van 'n ingewyde Satanis het onder die dekmantel van die Vrymesselaars hom as ateïsties voorgedoen, terwyl dit in der waarheid Satanisties was. Richard Wurmbrand voer vele bewyse aan in sy artikel : "Was Karl Marx een Satanist!" – om die vraag bevestigend te beantwoord.[24] Via Marx en

via vele ander kom die veelkoppige monster van die kommunisme se hart aan die lig : Satanies. Aangesien die filosofiese leiersfigure van die kommunisme, soos Marx, voorheen Christene was, is die kommunisme 'n gestalte van die groot afvalligheid in die laaste dae waarvan Paulus praat (2 Tess 2:3; 1 Tim 4:1). Ons moet ons nie deur die kommunistiese aantreklikhede en suksesse laat mislei nie (2 Tess 2:9-12). Net so min as wat 'n mens jou twee keer laat doop, net so min word 'n Satanis weer 'n Christen (Hebr 6:1-6). Omdat die kerk egter nie weet wie waarlik 'n gelowige was en werklik die geloof volledig versmaai het nie, gaan ons voort om elke afvallige te probeer evangeliseer. Dit is ons voorreg om afgedwaalde skape weer by die kudde te probeer voeg. Dit is van die duskant af nie finaal wie bokke geword het nie. Die besliste skeiding is 'n saak van die Here (Matt 25:33).

Die aard van die kommunistiese aanslag vloei uit sy wese en organisasie. Hiervan word 'n mens duidelik oortuig as jy die referate lees wat gelewer is by die Volkskongres oor Kommunisme in 1964 te Pretoria, waarna vervolgens vryelik verwys word. Dit is nodig tot 'n uiterste graad dat hierdie referate weer onder die aandag kom.

Die wese van die kommunisme lê in sy anti-Christelike wêreldheersug soos versinnebeeld in Openbaring 13 se dier uit die see. "Prinsipieel is daar geen vreedsame naasbestaan tussen die Kommunis en die Christendom moontlik nie." (Prof B J Engelbrecht). "Die kommunistiese lewensbeskouing en magspolitieke metodes is nie on-Christelik nie maar anti-Christelik ..." (Dr P J Meyer). Die lewensfilosofie van die kommunisme is die dialektiese en historiese materialisme (afgekort diahistomat). Met "materialisme" word bedoel dat die universum (heelal) 'n produk van evolusie is. Daar is geen hoër of geestelike werklikheid nie. Geen God nie. Geen duiwel nie. Geen sondeval nie. Met "histories" word bedoel dat alles wat ons vandag sien en het en sleg is, die gevolge is van suiwere hiernoumaalse gebeure in die verlede waaroor die mens voluit beskik het. Met "dialekties" word bedoel 'n strydende mag waardeur verandering en evolusie, revolusie en ontwikkeling voortkom. Omdat die kommunistiese woord, net soos die duiwel se woord, nie 'n selfstandige woord is nie, maar die verdraaide Woord van God, is dit juis so gevaarlik. Dit klink baie na Gods Woord. Dink maar aan die Duiwel se woord aan die vrou van die eerste mens, Adam, in die Paradys, en aan die tweede Adam, Jesus, met die versoekings (Gen 3:1; Matt 4:1-11). So lê die kommunis se siening, as onselfstandig verdraaide siening, só naby aan die Christen se siening en tog is dit die teenoorgestelde! Hierdie oppervlakkige nabyheid en eendersheid van siening is 'n risiko vir die Christendom en die krag van die kommunisme. Ook die Christen sien dat daar vandag hongersnood, kledingnood, voedingnood, haat, oorlog ensovoorts

is. Ook ons weet en wil dat dit verander moet word. Maar nou kom die verskille. Ons weet dat alleen Jesus Christus die sondige mens kan verander. Hierdie herskape mens (2 Kor 5:17; Gal 6:15; Ef 2:10) bring wel as 'n uitrimpeling van sy geloof verandering (hervorming) teweeg in sy samelewing. Omdat sy nuwe lewe egter nog deels is (1 Kor 13:12) dit wil sê in die geloof, sal hy ook nooit slaag om werklike en blywende verandering in die samelewing te bring nie. Die armes (haat, oorlog, ensovoorts) sal nog altyd by ons wees (Matt 26:11). Eenmaal sal Christus die nodige verandering self teweegbring (Hebr 12:26,27), wanneer ons geloof oorgaan in aanskoue (2 Kor 5:7). Omdat die Christen dus "bokant" of "buitekant" die skepping (nie maar net universum nie) 'n Hoër Mag ken, naamlik God, weet hy ook van sondeval en gawes van God in hierdie bedeling. Die kommunis reken dat alles verander kan word omdat niks van hoër waarde, betekenis of oorsprong is nie. Daar is nie blywende, geestelike waardes nie. In sy verwerping van absolute waardes stel die kommunis dat waarheid dït is wat werk. Deur verandering as basiese dryfkrag, wil hulle dan die samelewingsverbande (-strukture) van die verlede uitwis, wat die oorsaak van die huidige slegte bestaan sou wees.Die omstandighede moet verander word, sê hulle, nie die "sondige" mens nie. Veranderde omstandighede sal dan self die mens laat verander en van hom 'n vredevolle, liefdevolle, ewig gelukkige wese maak. Die roep na verandering klink dus selfs vanaf die grafskrif van Karl Marx in Highgate Park Londen : "Proletariërs van alle lande, verenig julle! Die filosowe het die wêreld slegs verskillend geinterpreteer maar dit kom daarop aan die wêreld te verander." (25:2). Die reformasie – 'n begrip wat vir ons aanvaarbaar is en ook 'n veranderingsfaset inhou – het sy eie dialektiek: terug na die beginsel, voort na die ideaal. Terwyl reformasie egter 'n middelpuntsoekende (beginsel) vertikale (na God) beweging is, is die kommunistiese verandering 'n middelpuntvliedende, horisontale beweging. Dit is kenmerkend van die Antichris dat hy hom in die plek van God sal probeer stel (2 Tess 2:4), en sal trag om tye en wet te verander (Dan 7:25). Maar God alleen kan tye en geleentheid verander (Dan 2:21; Hand 1:7).

Die organisasie van die kommunisme is doelgerig en dodelik. Wat ons land betref is hier in 1921 'n Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party gestig, die oudste in Afrika. Dit is wel in 1950 verbode verklaar. Maar in 1953 is dit ondergronds herorganiseer en in 1971 is halfeeufees gevier. Die party wat nie binnelands mag opereer nie, word direk uit Moskou gedirigeer. So 'n kommunistiese party is gewoonlik klein en goed verskuil soos 'n spinnekoppie vol gif met 'n groot web. Hulle het 'n meesterplan van optrede waaronder opstokery, sabotasie, terrorisme, inval in ons Republiek en oorname van die Republiek, hoofsake is. Om ons te knak, moet ons behouden-

heid oor, en weerstand teen bedreiging van ons Christenskap en kultuurverbondenheid gekneus word. Die kommunistiese gedagte is dat die persoon losgemaak moet word van sy agtergrond, los van sy volk. Die ontwortelde boom val makliker as die ander. Daarvoor, onder andere, word die liberalistiese gees en frontorganisasies gebruik.

Wat die liberalisme betref is dit merkwaardig om daarop te wys dat die liberalis altyd die kommunis dien, maar die kommunis nooit die liberalisme nie. Vyshinsky se woorde is : "In our state naturally there is and can be no place for freedom of speech, press and so on for the foes of socialism" (7:84).

Die liberalistiese gees word aangeblaas, soos 'n vuur uit die kommunistiese hel, om op alle moontlike wyses vryheid, weg van geloof en eiesoortigheid, in ons land te verkry.

Die kommunisme trag om selfs munt te slaan uit die Christelike naasteliefde deur mense daarmee op te blaas totdat hulle net "een kant van die saak insien en dit is die ander man se kant ... Die kommunisme trag nou om hierdie soort mens saam te snoer en daarvoor stig hy frontorganisasies. 'n Frontorganisasie is 'n organisasie wat dikwels 'n lofwaardige humanitêre (en partymaal selfs : patriotiese) doelstelling voorhou ..." (B J Engelbrecht). Vandag is daar waarskynlik al dosyne derglike organisasies in ons land – sommige onbewus daarvan dat hulle optrede 'n front vir die kommunisme is. Selfs die kerk is nie te heilig, en die gesondste appel nie te goed vir die kommunistiese wurm nie (A P Treurnicht). Prof dr C N Venter beweer dat ons staatsmanne kragtens die heersende onderliggende anti-Christelike staatsfilosofie wat uit 'n universalistiese of holistiese maatskappybeskouing spruit "... ondanks hulleself (Christelike geloof) besig (is) om ons op die pad van die sosialisme voor te gaan – want ons is op die verkeerde pad. Hoe kragdadiger hulle leiding, hoe verder stap ons aan op die verkeerde pad, die pad van sosialisme" (26)

Vanweë kommunistiese insypeling en optrede in frontorganisasies, is dit te verstaan dat hulle op kussings loop met stroop in die mond. Hulle probeer op allerlei wyse om ons aan die slaap te sus. Chroestsjoff het gesê : "Ons sal julle so saggies begrawe dat julle nie eers agterkom dat julle dood is nie!" Hier in Johannesburg het een van die rooiste joernaliste eergisteraand (16 Februarie 1942) ... beweer dat diegene wat die kommunisme as 'n gevaar bestempel, 'n vyand van Suid-Afrika is" (27:144). Tyd het dié stelling op 'n ander manier gedraai, naamlik dat almal wat veranderinge weerstaan, nou soms 'n vyand van ons volk geag word! Die kommunistiese apparaat sus mense in Westerse lande graag met die gedagte dat daar ook geen kommunistiese gevaar is nie omdat die kommuniste gering in getal is.

Op allerlei wyse word dus getrag om ons ruggraat (beginsels) te vervang met wensbene (pragmatisme). In die kommunistiese boek oor psigo-politiek is gestel dat as slegs één geslag se nasionale trots en patriotisme effektief gedood kan word, daardie land oorwin is. "Sielkundige oorlog is juis daarop gemik om toegewings en aanpassings te bewerkstellig! Dit is die skerp kant van die wig ..." (kmdt-gen S A Melville).

Die kommunisme se vele koppe of komponente het 'n verskeidenheid wat soms op teenoorgesteldhede lyk. Tog word alle koppe gevoed uit die hart wat anti-Christelik is. Die anti-Christelike kommunisme is negatief ge-aard: anti-privaatinisiatief, anti-privaatbesit, anti-privaatwins. Die Bybel ken egter privaatheid in hierdie verband (Matt 25:14-30; Spr 3:9; 10; 21:20; 19:14; 13:11; 10:5; 12:14). Die hele dankoffergedagte waarmee die kerk werk en die hele erfreg van eiendomme veronderstel privaatheid. Die Bybel ken selfs 'n privaat kommunisme wat anders is is ons hedendaagse kommunisme. Die vroeë Christene het vanweë 'n dwaling in hulle optrede in verband met die weerkoms van Christus hulle eiendom en selfs hulle arbeidsaamheid ingekort. Wat sou hulle met eiendom maak en waarvoor sou hulle nog werk as die Here dan binnekort weer kom! Die verdeling van eiendom het egter 'n gemeenskaplike besit tot gevolg gehad met 'n privaatinisiatief. Hulle het vrywillig hulle eiendom verkoop. Almal het ook nie alles verkoop nie (Hand 6:4; 12:12). Die verdeling was ook nie eweredig nie maar na behoefte (Hand 4:45). Die saak van arbeid en eiendomsbesit is in perspektief geplaas, sodat Christene kan weet dat dit geen sonde is op sigself om soos Job ryk te wees onder die seën van die Here nie (Ef 4:28; 1 Tess 4:11; 2 Tess 3:10).

'n Mens kan as't ware 'n verklarende woordeboek opstel oor die betekenis wat die kommunisme aan begrippe heg. Ons gee net 'n paar voorbeelde:

1 *Vrede:* Kommunistiese wêreldverowering (9:7,172).
2 .*Waarheid:* Enigiets in belang van kommunisme (9:9,61).
3 *Geregtigheid:* Die gedrag wat kommunistiese wêreldverowering sal bevorder (9:14).
4 *Liefde:* Wegsny van bedorwe oftewel nie-kommunistiese weefsel of strukture (9:16).

Om geestelik weerbaar te wees (10), en dus toegerus om sending te doen in 'n kommunistiese lug, is om daardie lug te ontleed soos Schwarz dit gedoen het (9). Die lug waarin die kommunisme gevind word, is nie altyd self kommunisties nie, maar het tog kenmerkendetrekke soos byvoorbeeld die volgende:

*1 Détente*

Om 'n wapen te laat sak en te ontspan, is by die kommunisme net 'n dialektiese taktiek indien dit nie vanweë oorwinning is nie. Solzjenitsyn sê: "Ik geloof niet in ontspanning. Ontspanning is nodig, maar met open handen. laat zien dat er geen steen in zit ..." (1:37,87,450).

*2 Imperialisme*

Sedert 1917 het die 20ste eeuse imperialisme 'n lang lys van lande ingepalm (1:41). Die soms skynbare en aanloklike weldadigheid van hierdie imperialisme blyk egter konsekwent diktatoriaal, onmenslik en anti-Christelik te wees (11). Dit blyk ook duidelik en aktueel uit al die geskrifte van 'n man soos Richard Wurmbrand en Soltsjenitsyn, asook uit die gemelde werk van Vermaat. Aangrypend is ook om te verneem van die vervolging van Christene in Siberië waar hulle vir die kerk in die weste bid om suiwer en sterk te wees (12:947).

*3 Eenheidstrewe*

Nie net die verdeling Christelik: nie-Christelik moet verdwyn nie, maar om dit te kan bewerkstellig, moet alle kerke een word. Dit is die strewe in nazi-Duitsland, Rusland en China (1:51, 145, 229, 283/4, 293, 316, 412, 425, 430, 440). Dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die volkskerkgedagte handhaaf en tog nie gretig is om organisatories in eie volksverband te verenig nie, is die beste bewys dat hy nie 'n "volkskirche" wil wees nie (1:354).

*4 Dialoog*

In hierdie lug beteken dialoog dat "ja" en "nee" soveel moontlik na mekaar toe gebring word. "Men zoekt in de dialoog het compromis, de synthese" (1:463, 53, 459).

*5 Common humanity*

"In dit kader word gewezen op het aspect van het gemeenschappelijk menszijn, een begrip dat later onder de naam 'common humanity' vooral in de oecumenische dialoog met de aanhangers van andere godsdiensten een rol zal gaan spelen" (1:59, 367, 467).

*6 Vroue emansipasie*

Elke maatskaplike toestand waar 'n aanhang verkry word, word uitgebuit met 'n revolusionistiese aanslag (1:74).

*7 Menseregte*

Dit is een van die sake wat in gesonde verband juis eers vanuit die Christelike geloof korrek verwesenlik kan word (13:88-96), maar wat absolutisties beklemtoon in die verband met al die ander onderhawige trekke, in die kommunistiese sfeer sweef. Dit word gebruik om die proses van dialogisering waar die Christelike godsdiens geleidelik ingetregter word in die politieke ideologie sodat dit uitmond in "een politisering van heel het kerklijk spreken en handelen" (1:412, 115, 387).

*8 Rassisme*

Die erkenning van rasse, volke, groepe ensovoorts is volkekundig wetenskaplik en realitêr. Die voorliefde vir jou eie is normaal. Abnormaal is om jou eie te verabsoluteer. Om jou eie ras as enigste te sien wat bestaansreg het is rassisme. Maar in die betrokke lug word enige erkenning wat aan die bestaan van 'n ras verleen word as rassisme gesien – omdat dit 'n wyse is om sekere mense of rasse aan die kant van die kommunisme te kry. "De tragische ontsporing volg achter in de jaren '60 wanneer tegenover de rasse-ideologieën de ideologie van het geweld gesteld wordt en ervan wordt uitgegaan dat al deze bevrijdingsbewegingen zelf geheel vrij zonden zijn van racistische vooroordelen" (1:116, 82, 230).

*9 Goeie menseverhoudings*

Ook 'n goeie Christelike deug wat tog onder die twee groot gebooie verstaan kan word. Die Hervormde Kerk het selfs die uitdrukking in die vroegste tyd al gebruik (14:124-6). Maar weer is dit met ander betekenis gelaai as dit in die kombinasie van die onderhawige trekke voorkom. Hierdie begrip kom in ideologiese konteks (1:95) gewoonlik voor by die begrip samewerking ("Zulk een samenwerking 'met alle mensen van goede wil', is nagestreefd op de Vredesconferentie van Zagorsk (USSR) die in Juli 1969 bijeenkomt. Deze bijeenkomst is belegd uit strategische overwegingen en met medewerking van de Sowjetregering ... Samen met christenen, boeddisten, moslims en joden is er gesproken over alle problemen de wereldvrede rakende" (1:229, 95, 230, 51, 283, 429). In hierdie tipe samewerking moet onthou word dat die kommunisme soos 'n verkleurmannetjie is: "het past zijn kleuren aan aan de omgeving, maar het dier zelf verandert niet" (1:96). Dis 'n belangrike punt om te onthou dat neutraliteit verdwyn: "Waar Christus niet in de kerk regeert daar regeert de mens. Waar het Skriftwoord niet langer norm is en de Heilige Geest niet de leiding heeft, daar neemt een ideologie hun plaets in" (1:96).

*10 Ondergangsetiek*

"Er ontstaat een 'ethiek van de ondergang' die berust op een opofferen van alle normen en waarden ten einde maar te kunnen overleven" (1:101; 383, 415, 421). Skuldgevoel is die breinspoelingsmetode wat lei tot die ondergangsetiek (1:415).

**11 Nuwe teologie**

Die genitiefsteologieë is 'n ontwikkeling uit "een complex theologisch proces, dat uitgaan van de mondigheid van de moderne mens en zelf gestalte moet geven aan de maatschappij en die anticiperend op dat wat komt die maatschappij moet hersscheppen in de richting van het rijk Gods dat is beloofd (vergelyk Moltmann)", (1:102, 385, 405, 429, 456).

**12 Geweldadige opstand**

Die teologie van die revolusie gepaard met die gees van die kommunistiese oogmerke moet lei tot opstande: "Essentieel in de communistische revolutie is dus het geweld. Die onderdrukkers gebruiken eweneens geweld. Hun macht berust op zgn 'struktureel geweld' en dit geweld kan alleen worden gebroken door revolutionair tegengeweld. De weg van de bevrijding voor de onderdrukte massa's loopt dus alleen via de weg van de geweldadige revolutie" (1:108, 403).

**13 Kerklose godsdienstigheid**

Reeds Hitler het daarop geroem dat hy 'n vroom mens is al is hy nie 'n kerkganger nie (1:275, 303). In verskillende wêrelddele maak die charismatiese bewegings opgang. "De charismatici leggen alle nadruk op het gevoel en de inwerking van de Geest. Het gaan hun niet om een bepaalde leer, maar om de praktijk, de ervaren. In dat opzicht naderen charismatici en revolutionairen elkaar, al spreken beiden nog over een verskillende soort van revolutie" (1:124, 275, 303, 404). Omdat die charismatiese bewegings dikwels 'n wegbeweging van die suiwer leerstellings van die Bybel is, want "de leer verdeelt. De ervaring verenigt" (15:948), word Protestant, Roomses en Ekumene met mekaar betrokke in die charismatiese bewegings (15:948). Dit loop dan uit op die alversoeningsleer of universalisme (vergelyk my lesing oor ensiklopediese plek van die Sendingwetenskap). Hierdie universalisme word moontlik in hulle beskouing "dat God met allen verder gaat (selfs in 'n soort vaevuur) totdat Hij zijn doel heeft bereikt" (15:949). Hulle grond die leer van die universalisme op bedenklike eksegese van byvoorbeeld 1 Petrus 3:20; 1 Korinte 15:25).

*14 Daad-lik*

Die verbale (buiten as dialoog) moet plek maak vir die aksie, die aktuele, die handeling. Omdat daar so 'n noue verbintenis of huwelik (17:23) tussen die neo-marxisme en die nuwere teologie is (28:159), sodat "die aksie van die kerk parallel loop met die aksie van die marxiste" word "kinders van die storm gebaar ... Die storm kinders trek die kerk deur sy vaderskap diep in die politiek en maatskaplike vraagstukke in en dwing hom tot aksie ... Maar die stormkinders dring steeds meer aan op 'geen woorde nie, dog dade' ..." (18:34). Tipies word dan gesê die tyd vir praat is verby. Assmann bv. wil eintlik geen teologie van die revolusie meer hê nie maar 'n revolusie van die teologie – dit moet praxeologie wees (1:129, 227). Die oordrewe ontwikkelingshulp vind ook sy plek in hierdie ideologiese konteks.

*15 Veranderde tye*

In ideologiese konteks klink dit dikwels op dat die kerk nie agter moet wees nie maar die voortou moet neem vir maatskappyverandering (1:156, 404, 443). "De Duitse Christenen hebben álles willen veranderen. Van de kerkleer bleef niet veel meer over nadat in 1933 reeds gepleit word voor afschaffing van het oude Testament" (1:249, 281). Daar word getrag om die Woord van God uit die Bybel weg te struktureer.

*16 Gelyke betaling*

Die slagspreuk klink mooi maar die realiteit toon die slagspreuk as onwaar. Inheemse sendelinge deur Nederland onderhou in onderontwikkelde lande kan byvoorbeeld nie as traktement (salaris) iets kry gelyk aan hulle kollegas in Nederland nie, maar gelyk aan hulle plaaslike kollega's (6:368). Net soos arbeidskwaliteit, graad van opleiding en lewensituasies verskil soos byvoorbeeld of jy as burger in jou eie land werknemer is of as vreemdeling in 'n ander land, so verskil salarisse normaalweg. Die Christelike beginsel is egter van belang hier dat elke arbeider sy loon werd is. Selfs in ideologiese kontekste word reeds van hierdie marxistiese beginsel weggebreek: "de ideologie blijkt in de praktijk toch minder bruikbaar dan wel werd aangenomen. Gelijke betaling komt lang niet meer overal voor. Personen met een hogere opleiding krijgen meer salaris dan de gewone arbeider etc." (1:168; 21:45).

*17 Propoganda*

Die stem van die kerk met die suiwere evangelie word gesmoor,

verdoesel en oordonder. "Zonder de leugen van de propaganda zal de ideologie niet kunnen bestaan – en daarom is de ideologie zo door en door duivels" (1:171, 194, 293).

### *18 Geskiedenisveragting*

Die verdraaiing en onderwaardering van die verlede maak geskiedenisagting 'n bespotting. "Geschiedvervalsing en ideologie hangen ten nauwste met elkaar samen" (1:252). "Maar een kerk van het heden die geen nauwe banden heeft met de kerk van het verleden wordt al spoedig zelf een kerk van het verleden" (1:231). Die mooie en goeie van die verlede wat volgens Paul Kruger uit die verlede geneem moet word om die toekoms daarop te bou, word dikwels as irrelevant vergeet terwyl die bose en revolusionêre van die hede as werkinge van die Gees van God gesien word!

### *19 Diskrepansie tussen leer en lewe*

By die Russiese kerk het 'n mens dit byvoorbeeld aangetref dat die leer nog vry van ideologie bly terwyl die kerk in die praktyk die propaganda en ideologie reeds hanteer (1:235). Leer en lewe, beginsel en beleid, beleid en praktyk beweeg subtiel uitmekaar.

Die kommunisme as stelsel vertoon ook meer as een vorm. Die Euro-Kommunisme (16:136). wat in Frankryk, Spanje, Portugal en Italië al sterk is, is net soos die Titoïsme en Maoïsme wel 'n variasie, maar "Kommunisme is nog Kommunisme" (16:145-6). Die Neo-Marxisme is 'n ander vorm waarvan Ernst Bloch en Herbert Marcuse bekende verteenwoordigers is (17:19). Waar Marx die ellende van die wêreld wil oplos deur die ou orde se materiële onderbou of maatskaplike strukture af te breek en te vervang met heel nuwe strukture in 'n nuwe orde, en aldus 'n vrederyk te realiseer, meen die Neo-Marxiste dat die aftakeling wel gedoen moet word, maar dit moet permanent aanhou want 'n nuwe orde, sal nie hier en nou opgebou word nie. "Elke nuwe orde van watter aard ook al, is per definisie korrup. Ernst Bloch het gesê: Wat bestaan, kan nie waar wees nie. Dit geld ook van 'n kommunistiese orde op marxistiese basis. Die rewolusie móét daarom permanent wees" (17:19). Die Neo-Marxisme vind in die gestalte van die nuwe teologie "weer een stuk religieuze bezieling (als reaktie op het koele, koude marxisme). men grijpt daarvoor terug op Jezus. Niet op de Jezus, zoals Hij door de kerk der eeuwen is beleden. Er zijn tal van neomarxistische publikaties waarin duidelijk gezegd wordt dat men met de Jezus niet kan beginnen. Men grijpt terug op de 'one dimensional Jezus'. De Jezus, die exempel en exponent is, die hoogtepunt en dieptepunt van het menszijn heeft voorgeleefd. Namen als die van Ernst Bloch

en Gardavsky zijn in dit opzicht veelzeggend. Het neo-marxisme kan een godsdienst gebruiken, waar het pit van het belijden der eeuwen uit is verdwenen, en waarin slechts de woorden herinneren aan de boodschap van de kerk. Het is met name het historisch-kritisch bijbelse boodschap" (19:18). Omdat die neo-marxistiese strome met die teologiese tendense wat ons nou net genoem het saamvloei in die teologie wat in die Wêreldraad van Kerke heers, kan ons sê dat NT vir laasgenoemde nie meer staan vir Nuwe Testament nie maar vir Nuwe Teologie, of Nuwe Tyd. Die Neo-Marxisme wil behalwe die proletariaat (wat die Marxiste wil gebruik) ook die studente, die wetenskap, die teologie ensovoorts as agente vir die verandering gebruik (20:5).

Die Neo-Marxistiese (20) beskouinge aangaande 'n wordende god, die komende Nuwe Tyd, Jesus as revolusieleier en brandstigter; voorliefde vir dialoog, wesenstrekke met die ekumenisme, genitiefsteologieë, ensovoorts maak van hom 'n subtiele en gevaarlike ideologie.

Behalwe die verskille tussen die Russiese kommunisme en die Maoïsme (1:21), staan hulle ook prakties al dikwels teenoor mekaar. Sjina beskuldig byvoorbeeld Rusland dat hy ryk is en nie die armlande se stryd kan verstaan nie; en dat hy wit is en nie die leier van die gekleurde nasies kan wees nie (21:53).

Die Maoïsme soos die meeste vorme van kommunisme, "waarborg" sogenaamd godsdiensvryheid maar is ateïste en struktureel anti-Christelik. "Artikel 88 van die grondwet van die Volksrepubliek van China (1954) waarborg godsdiensvryheid" (22:223). Anders as Marx wat teoreties "alle gode haat" – soos hy 'n keer uitgeroep het, het die Maoïstiese ateïsme deur die imperialistiese sending van die Westerse kerke gegroei. "Soos wat die Christelike sendelinge beskou is as die agterryers van die imperiale moondhede, is die Boeddhistiese monnike gesien as die agterryers van die grondbaronne" (22:225). Waar Marxisme meer teoreties die kritiek op godsdiens, die vertrekpunt van alle kritiek maak, maak die Maoïsme meer prakties die kritiek op die politieke sisteem van die grondbaronne, die vertrekpunt van alle kritiek (22:225).

Die Historiese Materialisme speel as filosofie by beide Marx en Mao 'n rol. By Marx sal die verbeterde ekonomiese onderbou die godsdiens wat 'n doodsdroom sou wees – 'n pie in the sky when you die – laat verdwyn. "Omskep ... net die aarde in 'n hemel, en God sal vanself abdikeer" (22:226). Mao glo nie dat die verandering van die wêreld die mens sal verander nie, maar dat die mens moet verander deurdat "die vyande in die gees van die mens" vernietig moet word, naamlik sy geloof in die bonatuurlike, dan sal die verandering van die wêreld volg.

Mao vervang egter God of 'n bonatuurlike wese met die Sjinese

volk. "Streng gesproke is die 'ateïsme' van Mao Tse Tung geen ateïsme nie want wat in werklikheid gebeur, is dat 'God' met 'god' vervang word: 'n god wat niemand anders is as Mao self nie" (22:228). Daar is verskeie voorbeelde hoedat by die aanroeping van Mao se naam wolwe op vlug slaan, siekes genees is, ensovoorts. Ook sy aanbiddelike praalgraf, anders as andere se begraafplaas wat in landbougrond omskep is, wys na sy vergoddeliking deur die Sjinese (22:228).

'n Mens dink in hierdie verband onwillekeurig aan die wonders wat volgens 2 Tessalonisense 2:9; Matteus 24:24; Openbaring 13:12 deur die Antichris gedoen sal word. Sal die Sjinese wat as *volk* self hulle god is en Mao as god behandel het, nie mettertyd ook verwag dat alle ander nasies hulle sal aanbid nie?

Verwysings


1. J A E Vermaat, *Christus of Ideologie*, De Banier – Utrecht, 1977.
2. J A du Plessis, *Die Filosofie van die Grafskrif*, 'n Inleiding tot die verstaan van die Sowjet-Kommunisme, IBS – studiestuk 62.
3. F J van Zyl, *Ideologie en Christelike Geloof*, Lesing predikantevergadering, 1979.
4. J Verkuyl, *Voorbereiding voor de dialoog over het Evangelie en de Ideologie van het Marxistisch Leninisme*, Kok – Kampen, 2de druk, 1978.
5. D K Wielenga J D zn., *Over de betekenis van de Wet des Heren in de* Zendingspredi-king(1), Kampen, 1974.
6. J P Versteeg e a, *Gij die Eertijds verre waart ... Een Inleiding tot de Gereformeerde Zendingswetenschap*, De Banier – Utrecht, 1978.
7. Referate, *Volkskongres oor Kommunisme*, Pretoria 1964.
8. H G van der Westhuizen, *Vertrou op God*, HAUM, 1977.
9. Fred Schwarz, *Jy kan die Kommuniste Vertrou (om Kommuniste te wees)*, vertaling Timo Kriel, Baanbrekers – Uitgewers, Roodepoort, 1962.
10. H G van der Westhuizen, *Geestelike Weerbaarheid teen Kommunistiese Indringing*, Handhaaf, orgaan van die FAK, April 1965.
11. Mitko Matheeff, *Terreur in het Rode Paradijs, Tragedie der Bulgaarse Christenen*.
12. Getrouw, *Een Lied in Siberië*, Juli/ Aug 1979.
13. H G van der Westhuizen, *Bybelse Basis vir Menseregte*, Hervormde Teologiese Studie, Jg 34 Afl en 1 en 2.
14. S J Botha, *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848-1920. Sy Lewe en Betekenis*, Ongepubli-seerde DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria, Januarie 1979.
15. Getroue, Maanblad van de Internationale Raad van Christelijke Kerken, Juli/Aug 1979.
16. C J Viljoen, *Kommunisme, Euro-Kommunisme en Rooms Katolisisme*, HTS Jg 34, Afl 4.
17. L Floor, *Die Neo-Marxisme in die Moderne Teologie en ons Antwoord daarop*, In die Skriflig, Sept 1976.